wat werklik goed gekom het.

Een van die twee klein brakke wat Clive gister vasgeketting het, het intussen losgekom, en saam met die ander 4 koers gekies wind-af. Gelukkig het Clive gou dit agtergekom, en het hy, Barry en ~~[illegible]~~ Keith met 'n soektog begin, en hul by die stellasies gekry. Die ooge twee reuns is ook nou vasgemaak. Met Danae IX het 'n klomp van die klein brakke so koers gekies, (windaf) en is hul nooit weer gesien nie.

Vanaand het ek vir jou, my Ma en vir Joubert elk 'n brief geskryf. Ek het so 'n effe sarkastiese aanmerking gemaak oor die feit dat ek geen boodskappe gekry het nie. Hoop nie jy is te vies daaroor nie.

Nou ja, nog drie martelende kookdae oor. Ek wil daarna begin om kleurfilms te ontwikkel.

Hoop jy het 'n goeie werkweek voor. Lekker slaap.

Maandag 1 Desember 1969.

Hierdie maand vertrek die R.S.A. (Hopelik) Lekker nê! Ek sien ontsettend baie uit na die aankoms van die R.S.A. Dit sal weer 'n lekker verandering wees - pakkies, pos ens.

Ek het laat opgestaan - was net te lui om vroeg op te staan! Ek het toe lekker dikkop gevoel, met 'n halwe hoofpyn. Myself toe verwens. Nou is dit natuurlik alweer om.

Die dag het pragtig geword. Mooi sonskyn, oop en -8°C. Met my kokery was ek nie veel buite nie. Ek het na aandete darem help pale insit vir die klein hondjies. Hulle haat dit, en tjank omtrent aanmekaar. Hul is nou maar 5 weke oud, en eintlik nog klein.

Clive, Schalk en Barry het baie buite gewerk. Hul het 'n "going away" stellasie gemaak, en moes baie grawe om suiker vanaf Danae II se kos te kry.

Henry - hulle se weer was goed, na 4 dae van 'n erge storm, en vanmiddag 2 nm. was hulle by

telefoonpaal. (Tussen Wasteiner en Muskeg Depot.)
Chris-hulle was ook nog aan die Jureg vervolg. D. Hulle is nou in 'n gebied wat nog nooit eers karteer is nie.

Niks besonders het gebeur. Ons het 'n hygehey van die nuwe spanlede - en ek kan jou verseker, daar is 'n klomp baie snaakse en vreemde name by. Hul is 18 lede 14 vir Sanae, ente vir Borga. Daar is 'n Elektronikus en 'n ou vir die Whistler program by.

My aandete was tamaties, stampmielies & Mieson, Koolt + uitsous, en sibbetjie in kerriesousgebraai. Dit is gevolg deur tapioka poeding. Vir Woensdag-aand gaan ek vir die ouens potbrood braai. Ek gaan vir niemand iets sê nie, dog kyk of hul dit gaan eet. Ek sal seker nog vleis moet regkon vir indien hul lelg.

Ek het darem so'n paar fotos buite kon neem ook. So'n paar s/w met Peter se Pentacon, meer om te sien of dit werk. Dit ontwikkel, en die resultate lyk eintlik heel goed.

So - ek verlang baie, en sal maar sê lekker slaap.

## Dinsdag 2 Desember 1969

Dink jy ek kon gisteraand aan die slaap raak - glad nie. Eers so 7 vm. Schalk het my 9:30 vm. kom wakker maak, dog daarvan weet ek absoluut niks nie. Ek het toe so 1:30 nm. opgestaan.

Intussen het Schalk, Clive, Piete en Rob so 45 dromme diesel gaan uitsleep - 2 ure onder die opyw.

Henry-hulle was 2 nm by Muskeg depot, en sou toe aanhou sy in mooi weer. - Chris en Leen; en - Wilf en Anton - het geskei onderskeidelik die 2 pare - en werk nou apart by verskillende berge.

Ons weer was pragtig - Teen na aandete het die wind toe effens opgekom.

Namiddag het die ouens die danssaal skoongemaak, en het toe Clive toe nuwe skiweedromme vir ons gemaak.

Ek was aanmekaar besig met die aandete. Dit was "Sweet + Sour Pork" (gemaalde vark frikkadelle) "Split peas"-sop en lemoen-jellie slaai. Nagereg was Roly-Poly. Ek raak so vies in die mond altyd vir ete, almal geniet dit blykbaar, dog niemand sal dankie sê nie. Ek doen seker maar dieselfde. Dog probeer onthou om altyd 'n ko dankie te sê as ek sien hy het moeite gedoen.

Na aandete so 'n bietjie gesels, en toe sommer net na die amateurlande gaan luister met na 10. Ek het begin om 'n Amerikaanse stasie te werk, en tot 10 vm het ek toe 29 gewerk. Hul roep so oormekaar dat 'n mens soms 3 minute lank sukkel voor jy 'n roepsein kan herken. Ek het toe vir my 'n kassewdorie gemaak, moes alles in die log-boek oorskryf, en weer oor-kassen. Tot sover het ek 60+ verskillende stasies in 10 lande gewerk. Lyk my jy sal vir my QSL kaarte moet laat druk. Rob het al 84 lande gewerk!

Na alles is dit nou alweer 3:20 vm, my kop is seer, en ek is vaak.

Tot môre dan - soet slaap!

Woensdag 3 Des. 1969

Wel dit het toe vandag gebeur. Voor ons uit die Kaap weg is het ek gesê dat daar nog niemand van spanlede hier oorlede is nie - dat dit een of ander tyd seker gaan gebeur, dog nie hoop dat dit vanjaar is nie. Ek was besig om die stoof skoon te maak toe Dries (8 vm) bel en sê dat Henry op frekwensie is en dringend met Phil wil gesels. Ek het hom toe gaan roep in sy kamer, en aangegaan met die stoof skoonmaak. 'n Rukkie later het Clive toe daar aangekom, en gesê dat Gordon ±200 ft

vanaf 'n kans gehad het om oorlede is. Vir almal was dit 'n ontsettende groot skok, en almal was in die radiokamer. Dit het ±4 nm by Slettfiellnutane gebeur, aan die N. kant, naby die Depot. Peter was glo terug om op waarnemings te doen. Henry en Gordon het Slettfiellnutane gaan fotos neem. Dit het A en W 'n loodreg val in 'n diep "windscoop". Ek was aan die W. kant, en weet dat dit loodreg af is. Terwyl hy glo opgrad teruggeklim het, het hy gegly en geval. Hy het in die "scoop" geland – bloukraar op sy gesig en skouer, en toe hy sy kneus gegly. Dit het Henry en Peter 4 uur geneem om hom uit te kry. Die plan is om hom daar te los in 'n slaapsak met sy persoonlike besittings, aan te gaan, en met die terugkom weer op te laai. Ek voel baie jammer vir Henry en Peter. Hy. word flou as hy net bloed sien bv.

Die splek is waar ek vir jou die brief geskryf het.

Net daarna het Phil ons gevra om 'n oomblik stil te staan.

Rob het "May-day" na S.A. geroep, vir iemand om Derdepoort te bel om op frekwensie te kom sodat ons vir hul Phil se Teck-berig kan stuur. Iemand in Israel het eers geantwoord. Hy het toe deur W2FGV met ZS1AU (Dennis Wellin Plumstead) gereël, en hy. het dadelik eers Kaapradio gebel – nie antwoord en toe het hy Pretoria (Derdepoort) gebel.

Dries het Kaapstad CW. gekry en gevra ook om DDT te bel. Na lang gesukkel het hy deurgekom – dog onweer het gehee dat hy nie met die "teles" kon werk nie, en het toe 'n gesprek in telefoonoproep na mnr. v. Rensburg gereël. Hy. sal vir ons later verdere instruksies stuur.

Almal is natuurlik baie passief nou, en die atmosfeer is baie doods.

Ons dag was maar treurig. Die wind het konstant ±o 30 knope gewaai, bewolk en lae jagsneeu.

Ek was my laaste dag kok. Almal het die enkele rabbart-koekie ge-eet. Ek het dit vooraf bewerk. Barry bv. sê dat hy dit nie sou eet as ek vooraf

gesê het wat dit is nie.

My simpatie is by Gordon se familie, en in besonder Althéne, aan wie hy so pas verloof geraak het.

Wat nou verder gaan gebeur weet ek regtig nie. Die verloop sal ons nou maar sien wat die Dept. se optrede en besluit is.

Dit sal nou maar grimmerig wees met 'n lyk hier. Ek wonder net of ek die lykskouing sal moet doen, en of 'n Staatspatoloog sal afkom.

Ek wonder wanneer julle die nuus sal ontvang. Seker eers Sat. of daar-rond.

Tot later dan - lekker slaap.

Donderdag 4 Des. 1969

Henry-hulle het gisteraand tot by Overnuten gevorder (waar ek in die kraas gery het) en was vanaand nog daar. Hul weer was nie baie sleg-weerig - dog hul was moeg en het geslaap. Op pad tot daar het hy glo 'n groot kraas oopgetrap, dog het gelukkig in 'n [illegible] gery, en die muskeg het oorgestiet.

Pete het self vertel wat gebeur het. Terwyl hy sy waarnemings gedoen het, en Gordon geskryf het, het Henry die agtergeblewe slee gaan haal. Na sy waarnemings het Gordon gesê dat hy na die "windscoop" wil gaan kyk. Dit is glo enkele treë vanaf Pete se waarnemingspunt. Pete het aan Gordon gesê dat hy saamkom, dog net eers sy bril wil kry wat so 30 vt weg gelê het. A.g.v. die gevoelige magnetiese waarnemings mag hy geen metaal naby hê - nie eers die skroefies in sy bril nie! Toe hy sy bril gekry het, het hy na die plek gestap en Gordon nêrens gesien nie. Hy het geroep, geen antwoord gekry, en nader gegaan. Hy het toe die bloedstrepe onder in die "scoop" gesien - nie eers besef wat dit is - toe Gordon se liggaam. Eers na 'n rukkie het hy besef dat dit Gordon is. Toe het hy ook die

mooi gesien hoe Gordon geval het. Vanaf die steilste loop op 70° af tot by sy klimlaag - Gordon het blykbaar daar afgegly om tot op die rand te kom, dog het oor die kliffie geskiet, toe ongeveer ± 40° skuinste, in blykbaar groter tree. Van daar is dit loodreg ± 200 vt af tot onder.

Hy (Heti) het toe afgeklim tot na Heng wat al op pad terug was. Heng is toe m.b.v. die Sherpas met toue en ander vasmaak toue in die "windscoop" af. Hy het foto's van die skaad uit alle hoeke geneem, Gordon in sy kombers toegedraai, en het hul hom uitgetrek. Toe Heng by hom gekom het was hy al dood - en sy hande reeds styf. Vandaar het ek gister berig.

Vanmiddag het ons na Joubert se program geluister. Hy het loodskappe - dog Johan se ma het ons almal genooi vir 'n braaivleis by Paul huis.

Ons het ook met Gough ons gevoelde simpatie gebring, en nie veel oor die ongeluk gesê nie. Hul het dit toe al geweet - want 6 nm. S.A. tyd het ons dit al toe oor die nuus gehoor - hul ook.

Schalk het begin kleur ontwikkel. 'n Film van Gordon en Johan. E.g. het 10 gelees wat Schalk intussen vir hom moes ontwikkel. Die skyfies van hom is by Boga geneem en het goed. Ek sal van die duplikate neem, en self kopieë maak. Voor het die eenige keer om is het ek hom 2 kleurfilms gegee met die ooreenkoms dat ek kopieë kan maak en duplikate kry.

Na dit het ek en Schalk toe elk van ons se baie-ys foto's ontwikkel. Dit lyk goed. Ek het een skyfie van 'n sneeupetrel wat per toeval voor die ding ingevlieg het. Ek het toe die dag vinnig die foto geneem - en dit het toe uitgekom. Daarop is ek baie baie trots.

Wel - so gaan dit. Rob het twee baie mooi telegramme van Athene en Gordon se ouers

uitgeskryf. Dit sal môre uitgaan.
Ek hoop ek kry môre van jou 'n brief.
Al my verlange vanaand. Een van die dae is die skip hier.
Lekker slaap.

LIEFSTE ALPHEUS,

BAIE BAIE DANKIE VIR DIE WONDERLIKE EN GROOT VERRASSING MET DIE BLOMME VANOGGEND.

ALLES GAAN GOED HIER, HENRIETTE HET NIE KOM KUIER MAAR HENRY IS KAAP TOE. HEIN GAAN EERS WEER OP PHALABORWA AFLOS, EK WEE NIE HOE LANK NIE.

GELUK MET WEN VAN SKYFOKIET. DIS NOG WARM EN DROOG, VERDER GEEN NUUS.

BAIE LIEFDE EN VERLANGE,

OUERS.

Vrydag 5 Desember 1969

LIEFSTE ALPHIE

HENRY KOM VANDAG OF MÔRE X HY SAL SEKER BY ONS TUISGAAN X KOM KYK GLO OF EK MY NOG GOED GEDRA X AS EK GLO VIR HOM GENOEG KOFFIE MAAK SAL HY MY VIR ETE NEEM X VLIEË TEEN DIE RUIT IS EEUE GELEDE AL UITDRUK X HET JY AL DIE WREKER VAN KAS GELEES X JOU MA KOM VOLGENDE SATERDAG X EK GAAN BY HULLE BLY EN INRY WERK TOE X EK NEEM NIE NOU VAKANSIE NIE SO JY BETER OPROEP VERANDER VIR DIE WERK X EK SAL REEL DAT JOU MA DIE DAG SAAM MET MY INKOM X IS DIE BOODAKAPPE DIE AAND VAN DIE 25STE X EK IS NUUSKIERIG HOEKOM SÊ JY VERDER NIKS X EK WONDER NET SO BAIE X AS DIT VAN MY AFHANG KAN DIT MAAR STIL WEES MAAR NET DIE FAMILIE EN GOEIE VRIENDE HIER IS AL KLAAR OMTRENT 60. BAIE GESNY EN SONDER TRANSVAALSE FAMILIE X SO WAT DINK JY X OF EK HAASTIG IS-VAT DIT VAN JOUSELF AF. DIE ANTWOORD GELD VIR MY OOK X DAAR IS VIR JOU OOK BOODSKAPPE MAAR EK KON NIKS PERSOONLIKS SÊ NIE WANT ONS SAL ALMAL BYMEKAAR WEES AS ONS LUISTER EN DAN SPOT HULLE MY WEER VREESLIK X

AL MY LIEFDE EN NOU SOMAAR BAIE VERLANGE,

RINA X

Ek het so 1 nm. opgestaan, en toe net so iets ge-eet. Henry-hulle was toe naby Berga - met mooi son-skyn, dog 'n effense wind. Hulle oppervlaktes is glo sag, en hul vorder maar stadig. Hy wou toe kalmeerpille gehad het, en gelukkig het ek vir hulle gepak. 8 nm. was hulle darem al by Stillegar. Die plan was om nog verder te ry. Hulle sal dalk môre 2 nm. met die sked. slaap.

Die hele middag was ek besig om water te

maak vir die kleurontwikkeling. Ek het ook Viking se been weer gespalk.

Na aandete het ek toe 2 kleurfilms ontwikkel. Daar was pragtige aurora fotos van Gordon by – en ek gaan vroeke vir my een neem.

Vanaf 12 nm tot 1 vm het ek so 'n paar stanis gewerk. Darem weer een nuwe land by.

Ons weer was nie baie sleg nie. Bewolk, 20 knope wind en vanmiddag –27°C. Dog ongemaklik om buite te werk.

Daar het ontsettend baie telegramme van baie mense en „instansies" gekom.

Origens niks veel nie, en sal ek dan vir een maar sê goeie nag, en 'n aangename nagrus en naweek.

Saterdag 6 Desember 1969

Ek het so 12 middag opgestaan, en gou 'n film (kleur) van Johan en Gordon ontwikkel.

Buite was dit weer redelik onaangenaam. So 20 knope wind, bewolk, jagsneeu en – 5°C.

Namiddag was ons omtrent die hele tyd voor die radio. Eers met Henry. Hulle gesels nat toe met een slee al by Borga was. Toe is 'n stukkie rugby-geluister om net te hoor dat ons verloor het. Ek het ook 'n kort kontak met Hennie gehad. Daarna het ons met Halleybaai probeer gesels, dog kondisies het dit net nie toegelaat vir 'n goeie kontak. Het Dr. (Danny) was daar, en ek het toe probeer uitvind van werk in Engeland, dog kon niks uitmaak nie. Later sal ons weer probeer. So met een oor na Radio Nederland geluister – ons boodskappe. Ek hoop sy kon hoor. Daarna – tot 6 nm. het ek bietjie amateurwerk gedoen, en kon darem met 'n ou in Duitsland gesels.

Na aandete was ons weer met Henny. Hulle gesels, en ons het kabinetsfilm voorgeskryf.

Piete, Schalk en ek het toe geflikker, en na The Informas gekyk. Ook na 'n paar dokumentêre films.

Na 2 vm. het Larry, Schalk en ek gou 'n paar jagsneeu fotos geneem.

Andersins niks, en sê ek maar goeie nagrus.

Sondag 7 Desember 1969.

Ons weer was weer dieselfde as gister. Die son het deurgeskyn, en het ek heelwat jagsneeu fotos buite geneem. Die wolke hier is snaaks. Binne 'n bestek van 'n uur is dit bewolk – wolkloos, en dan skielik weer heeltemal betrokke.

Vandag was ek skiewie, het nou lekker gebad, en lê maar in die bed en skryf. Ek het my baard weer geskeer, en weeg 160 lb! Jy moet sien hoe wit is my bene, en hoe groot my pens.

Ek het vanmiddag 'n lekker kontak met Hennie gehad, en het selfs ook 'n stukkie met Piet Skon bedrieë. My sola was ongelukkig nie daar nie.

Iets wat ek vergeet het. Die Dept. het toe laat weet dat ek die lykskouing moet hou so gou moontlik en die doodsertifikaat uitreik. Die lyk moet in 'n tydelike kis in 'n vlak graf voorlopig begrawe word.

Van môre af gaan ons gekonsentreerd begin opruim en regmaak. Afhangende van die weer gaan ons buite aan die stellasies werk, of binne aan die ysgang en hondetonnel.

Verder niks nie. Aangename naweek vir jou – en een van die dae is my sola–hulle daar.

Mag – ek verlang baie!!!.

Maandag 8 Desember 1969

PS 003 ALPHIE GROBLER GESKOK OOR TYDING X ONS DINK BAIE
TELEGRAM X ONS IS BAIE GESKOK OOR TYDING X ONS DINK BAIE
AAN JULLE EN STERKTE VIR ALMAL X BAIE LIXFDE
RYNA TANNIE LENIE EN
BOSMANS +

Was vandag nogal bedrywig – en het die tyd gevolglik gevlieg.

Phil het my vanmôre 9 vm. kom wakker maak, dog ek het aan die slaap geraak en eers 10 vm. opgestaan. Intussen het hy, Schalk, Peter en Clive begin om die gang voor die deglab skoon te maak.

Direk na ete het Clive en ek (buite) en Phil + Peter (binne) die dromme uitgetrek – dit gaan leeg-maak, en toe verder die gang gaan skoonmaak. Na ons dit gedoen het, en die dromme weggery het, het ons toe ophou werk. Buite was dit baie mooi. Die son het geskyn, dit was nie te koud nie – dog daar het 'n onge-maklike 20 knope wind met lae jaagsneeu gewaai.

Na dit het Schalk en ek gaan skua's afneem. Hier was so 4, en hul laat 'n mens toe om so 10 tree vanaf hul te kom. Ek het Barry se kamera en 200 mm. telefoto gebruik.

Na aandete het ons almal eers 'n bietjie met Peter-hulle gaan gesels. Die weer was goed, en het hulle vandag al die slees tot by Borga gebring. Môre sal hul begin om die masjien terug te plaas in die Muskeg.

Schalk en ek het toe die res van die aand spandeer om die films te ontwikkel, en het ons ook 'n paar proef-afdrukke van die negatiewe gemaak. Die resultate lyk heel goed. Later sal ek moet afdrukke maak.

Dankie vir die telegram – dit was 'n mooi gedagte van julle.

Ons almal raak nou kriewelrig vir die koms van die R.S.A. Dit beteken pakkies en pos, en ook 'n bietjie verandering. Ons moet nou maar net hoop dat die weer baie goed is, en bly sodat ons alles in orde kan kry. Ek verlang baie na die pos uit, en die pakkies! Dit sal lekker wees om weer terug te wees – en eers lekker vakansie te hou. Om te verlang help nie – ek dink baie aan jou. Die verlange sal met tyd kom en groter word hoe nader die Kaap in tyd en myle kom.

Lekker slaap.

Dinsdag – 9 Desember 1969.

Vanmôre het my wekker 9 vm. hom weer afgelui, Phil het my kom wakker maak – dog ek het eers 10:30 vm. opgestaan. Gisteraand eers redelik weer so 5 vm. aan die slaap geraak.

Schalk, Phil, Piet en Clive was toe al so 3/4 uur in die gang besig. Ons het toe vanaf die hand-laboratorium na die slaapkwartiere se kant gewerk. Wat ons ontsettend besig gehou het, was die kort (8 vt) gang voor die ballonkamer. Die natte wat langs die gebou smelt het daar afgeloop, en die hele gang ongeveer 3 vt hoog weer verys. Dit is natuurlik sobiekie op. Dit het ons besig gehou tot amper aandete.

Clive, Schalk en my groot vermaak vandag was om skuas van 3 kante te nader, en hul met op te gooi. Clive het 1 teen die kop getref, en hom vir 'n rukkie skoon bedwelmd gehad. Ook Schalk het een teen die kop getref.

Hul sê is ontsettend goed. As jy hul gooi, kan jy sweer dis raak – dog op die laaste oomblik swenk hy weg. Hul is nou so verskrik dat 'n mens nie meer 10 tree van hul af kan loop nie, dog reken maar so 30.

Ek het my aand in die donkerkamer deurgebring deur die afdrukke te maak van my skua negatiewe. Hul lyk heel goed.

Dit is nou al 2 vm. en ek voel nie veel vaak of moeg nie. Ek is seker dat ek môre styf gaan wees.

Sterwag-hulle het fantastiese weer. Sonskyn en -4°C. Die masjien sal dalk môre-aand klaar gemonteer wees, as die weer so bly. Hy het vandag alles uitgepak, terwyl Peter sy waarnemingspunt gekry het, en waarnemings gedoen het. Ons weer – bewolk -2° en so 'n 20 knope wind. Die wind is tans baie stil, dog dit is nog bewolk.

Lekker slaap.

Woensdag 10 Des. 1969.

Ons was vandag weer baie aktief buite. Voormiddag het Lieter, Schalk en ek gaan stellasies regpak. Ons almal het maar tam en hui so ná gister gevoel. Clive het begin om die water vanuit die kombuis na buite te pomp. Die watervlak het al bo die vloer begin te.

Na middagete het ons rugby gekyk, en terselfdertyd het Schalk en ek 'n rekker gemaak om skuas mee te skiet. Daarna is weer ons drie en Clive uit, en het ons eers gaan skuas jag met die slingshot. Ons het klippe gebruik wat ek vanaf wolkstasie gebring het, ook stukke sokkies, en koeëllaers.

Ons het toe nog stellasies gepak, en o.a. die wetenskaplikes – wat nou die honde gee 'n nuwe stellasie gepak.

Na ete is Rob, Barry, Schalk en ek toe weer uit met die honde vir 1½ uur – en het heel mooi saamgetrek. Ons was eers ná 11 terug.

Ons weer was redelik. Warm, bewolk

Ek het my aand in die donkerkamer deurgebring deur die afdrukke te maak van my skua negatiewe. Dit lyk heel goed.

Dit is nou al 2 vm. en ek voel nie veel vaak of moeg nie. Ek is seker dat ek môre styf gaan wees.

Meng.-hulle het fantastiese weer. Laasbyna -4°C. Die masjien sal dalk môre-aand klaar gemonteer wees, as die weer so bly. Hy het vandag alles oorgegelyk, terwyl Peter 'n waarnemingspunt gekry het, en waarnemings gedoen het. Ons weer – bewolk -2° en so 'n 20 knope wind. Die wind is tans baie stil, dog dit is nog bewolk.

Lekker slaap.

Woensdag 10 Des. 1969.

Ons was vandag weer baie aktief buite. Voormiddag het Peter, Schalk en ek gaan stellasies regpak. Ons stomat het maar tam en hu sa ná gister gevoel. Clive het begin om die water vanuit die Kombuis na buite te pomp. Die watervlak het al bo die vloer begin te.

Na middagete het ons rugby gekuier, en terselfdertyd het Schalk en ek 'n rekker gemaak om skuas mee te skiet. Hierna is weer ons drie en Clive uit, en het ons eers gaan skuas jag met die slinger. Ons het klippe gebruik wat ek vanaf Vlasteinen gebring het, ook stukke soldeersel, en koeëllaers.

Ons het toe nog stellasies gepak, en o.a. die nat wisleisen – net naby die honde op 'n nuwe stellasie gepak

Na ete is Rob, Barry, Schalk en ek toe Wes uit met die honde vir 1½ uur – en het heel mooi saamgetrek. Ons was eers ná 11 terug.

Ons weer was redelik. Warm, bewolk

en lekker windstil.

Die sleutelbeen het Henny ± halfhemat weg. Dit het ietwat geseer, dog hy kon werk.

Vanaand het ons 'n ontsettende lang stuk nuus vanaf Diedepoort gehoor – wat van Engeland af kom en bedoel is vir Die Burger + Sunday Times. Daar was o.a. 2 berigte vir bg. een van Raquel Welch oor die vroulike borste, en een van 'n verpleegster en haar dogter wat deurmekaar geraak het. Moet wil ons die koerant van 14/12/69 sien om te kyk of dit op die agterblad is.

Dit is nou 3 vm. en ek is skreeumoeg. Ta-ta môre, lekker slaap my liefling.

<u>Donderdag 11 Des. 1969.</u>

Nog net 2 weke, dan is Kersfees hier. Ontsettend om te dink hoe die tyd gevlieg het.

Vanmôre het ons later as gewoonlik opgestaan, en eers 11:30 vm. buite gekom. Ons was weer dieselfde klomp as gister – met Phil by.

Geskiedkundig was dat ons temp. vandag positief was – en wel selfs 2°C. Dit was vanaf so 11 vm tot 4 nm. dat dit bo vriespunt was. Weet jy hoe warm het ons gekry. Almal van ons het gesweet – Peter en ek het kaalbolyf gewerk, Phil se rebalk met net onderhemde. Peter en ek is bloedrooi op ons rug en skouers gebrand. Ek voel nou vuurwarm, en gladnie te lekker nie. Dit was bewolk, dog nie dig nie. Die water loop so van die stellasies af. Die gipsplakke is ook so klewerig nat. Alles wat nie wit is nie, sak sommer sommerso in die ys weg a.g.v. die hitte-absorpsie. Vanaf 5:30 nm. het die son sommer lekker geskyn.

Met ete na Joubera geluister, sonder

enige boodskap. Hy het sommer baie mooi, en roerend oor Jorden gepraat.

Ons het ook ons gereelde Dond.-middag skedule met Hough gehad.

Na koffie en koek is Schalk en ek toe alleen vir weer 1½ uur met die honde uit. Ons neem nou nie meer vir Topaas – Sjoud – saam nie. Dit is 'n liefliker hond, dog te oud. Ons oorweeg dit om hom later te skiet. Jammer – maar liewers so – want hy sal baie moeilik in die Republiek aanpas. Die honde het net so warm gekry.

Henry-hulle is gereed om te vertrek na 'n slapie vanaand. As weer dit môre toelaat. Hulle het 'n mooi dag gehad. –4°C, en ook lekker warm.

Barry, Schalk en ek is nou van plan om môre met die honde na Sub-stasie te gaan. Daar te slaap, en dan weer Sat., via Otterbukta terug te kom. Ons hou duimvas dat die weer so mooi bly. Sal maar later – as dit gebeur – alles vir jou vertel.

Ek het 'n brief vir jou geskryf, om te vra dat jy die kameras op die skip moet afgee – sodat ek dit dadelik kan kry, en om die S. Times te koop.

Wel, ek wil probeer slaap. Lekker werk môre, en goed slaap.

GROBLER 9 DES 1969
LIEFSTE ALPHEUS
NOG NET VIR DAE DAN BEGIN DIE VAKANSIE X AI HOE SIE EK DAARNA UIT X HENRIETTE HET TOE LAAS DONDERDAG GEKOM EN WAG VIR HENRY WAT MORE HIER SAL WEES OM TERUG TE GAAN X ONS IS GESKOK OM VAN JULLE MAAT TE HOOR X DRA ONS SIMPATIE AAN DIE HELE SPAN OOR EN PAS TOG NOU EKSTRA BAIE OP VIR DIE GEVARE WAT MAAR ORALS IS X PIET HET JOU BOODSKAP GEGEE VAN DIE SKRYWE NA RINA X DIS GOED ONS SAL OOK LUISTER VIR BOODSKAPPE MAAR HIER VANG ONS NIKS OP NIE X ALLES WAT VIR JOU GOED IS X EK STUUR OOK IETS SAAM MET DIE SKIP X BAIE LIEFDE EN VERLANGE
OUERS


Vrydag 12 Des. 1969.

Vanmôre 6 vm. het Schalk toe kom sê dat die wind 20 knope waai, en die sigbaarheid baie swak is. So ons het besluit om nie Sub-Stasie toe te

gaan nie. Dit het vir my laat slaap beteken en het ek eers 12 uur opgestaan. Schalk en ek het toe gaan onder-haal in die Noord-garage.

2 nm het ons na Henry. Hulle geluister wat toe met Bi's weer gebeur vanaf Borga weg was, en mooi weer het. Die wind was toe hier beter, ± 0, en dit was nog heeltemal oortrokke met swak sigbaarheid. Skielik het ons besluit om te ry, en het ons in die spadgaat.

Barry, Schalk en ek is toe so ± 4 nm met die honde hier weg. Ons het, volgens ons reg gery, dog 7 nm. besef dat ons nie by Totten bukta is nie, dog by Polarsirkel, aan sy N. wal. Die sigbaarheid was sleg – en toe ons stop, was ons op blou ys, en so 20 tree vanaf die rant. Ons moes toe 'n U draai met die honde ry, en het 8 nm. by Sub-stasie uitgekom, en betyds vir die radiokontak.




Ons was m.a.w. te O. van die roete, dog dit was die moeite werd. Vandaar kon ons die W. wand van Blaskimen sien, met eienaardige swart vlekke teen die wand wat ons baie laat gis het. Ons kon ook fantastiese mooi ysberge sien – seker so 20 wat nog in die baai-ys vasgevang is. Jonges en ouer met mooi skure in, en wit of blou. Ons moes 2 maal ons roete drasties wysig wanneer ons vas tussen blou-ys krake of skeurvasse was. Die weer was hopeloos te sleg om fotos te neem, al was dit redelik windstil, en nie te koud nie.

Die honde het pragtig gewerk. Hul het so ± 30 kilometer gedoen wat besonder goed is vir hul fiksheidstoestand. Die laaste opdraand moes ons wel van


die ou lelie, maar toe was hul al baie moeg.
Die jongens – Chuck, Benzo, en Charlie Brown het goed gewerk, en geen las gegee nie.

Ons het hul aan die lang ketting geslaan – een punt aan die radio-mas geanker, en die ander gestut onder 'n koevoet skuins vas hul in die grond.

Die oppervlakte was redelik hard, met hier en daar sagte kolle waar hul enkeldiep in wegsak.

Ma se lekker ete het ons na die bukta geloop. Die strande het elk se blok Antarcangekry.

Daar was gelukkig 'n afloopplek, en het ons daar afgegaan – tot op die baai-ys. Die sigbaarheid op die wit is so sleg dat ons nie kon sien hoe skuins die wal afloop, of waar dit eindig nie. Die baai-ys het 2 mooi stam hoë drukriwwe teen die S wal. Die baai-ys is so effe blou, met baie krake ook. Ons het geloop tot gelyk met die einde van die bukta sand, – so 400 tree – en vandaar is die baai-ys nog 400 tree verder.

Vêr op 'n afstand kon ons 2 robbe sien, dog geen pikkewyne nie. Die baai-ys groei vas. Hier en daar blyk dit of 'n mens in vlak-'n-drukdop-water trap. So deurweek is die baai-ys. Die breukplekke is egter weer aanmekaar ge-ys – hard – en kon ons nêrens water sien nie. Ons het slegs 'n klein swart voël gesien, wat baie na 'n swaeltjie lyk en vlieg. Dit het egter 'n wit V aan die bokant van sy stert en effe wit strepe op hul vlerke! 

Ons is toe terug, en het lank gesukkel toe met die primusse. Hul wou net nie brand nie. Gevolglik was die plek vol paraffiendampe, en het ons maar gaan slaap – elk het 2 hoofpynpille profilakties gedrink, en het ons die deure oopgelos.

Daar skyn so 'n effe lig darem in die hut.

Met ons terugkoms, het ons 'n pragtige gesig

genim. Die kom was D., en het net so effe deurgeskyn, en skyn die S. kant van Ingaberg belate met verlig. Dit was pragtig.

Saterdag 13 Des. 1969.

Vannag en vanmôre is besonders — ons was aldrie amper dood. Ek het naam geslaagnoon gewone matras slaap egter in die slaapsak. Waarsons toe nie gevind (eintlik met hoofletters) van die paraffientampe nie. Ek het 'n hoofpyn gehad soos hare kan klaar, en was naar. Na pille, en 1 x se voer, was ek eers na 3 nm. instaat om op te staan.

Intussen het Barry (ofte Te-te) die sked gehou, en gesê dat ons terugkom, terwyl die weer nie heeltemal opklaar nie. Henry en Pete was toe by Grunehogna, en sou daar slaap as dit weer nog so gelyk het — dit het hard gesneeu.

5 nm het ons toe in die pad terug gevat — na 'n lekker bondelbakleiery van die honde. Die sigbaarheid was nog dieselfde, en het ons mooi op mekaar gery — eintlik maar net omdat ons die baan van so ver kan sien (multening) — en was na 1 bondelgeweg waarin Tussenson die slegste van afgekom het, en 2 russperiodes van ¼ elk 7:15 nm terug by die basis. Op 'n stadium het ons vir Keso voor as leierhond probeer — wat betreklik goed gewerk het, omdat hy die spoor mooi reguit hou, dog sy koersvolging is nie te briljant nie.

Hier was 2 wine vir my. Een dat al die vorms afkom en Peter Donald en Wellera van Zyl (fine dame!!) volledige instruksies vir my sal hê. Daar kom 'n tydelike hise en balseemmateriaal af Pete en ek moet vir Gordon balseem. Die tweede om te sê hoe ek die sewe + vriesmonsters moet hanteer,

en dat Dr Bernstein van S.A.I.M.R.-my Dond. sal bel wanneer die amptelike groepe deurkom.

Ek het die 2 dae geniet – en 'n fantastiese respek en nuwe liefde vir die honde ontwikkel.

O ja – ergste natuurlik – die R.S.A. is vertraag na 6 of 7 Jan omdat die Belge nie betyds kan aankom in Kaapstad. Hul moet glo nog vir hul vliegtuig.

Nou ja – ek is al 'n uur en skrywe, en is behoorlik moeg. Kan nie aan nog iets in besonder dink nie. Ons het die plek (hut-stoorie) so bo-langs opgeruim darem ook.

Tot maar 'n goeie nag, en hoop om jou brief Maandag te kry. Vrydag kon Dries nie kontak maak met Pretoria, en is jou brief dus nie weg nie. Tot dit nou maar Sondag oorskryf.

Sondag 14 Des. 1969.

Ek het vanmôre 4:30 vm. wakker geword, en was toe helder wakker. Het toe maar 5 vm opgestaan, ge-eet en toe na die amateurbande gaan luister, wat eintlik maar stil was.

Vanmôre 10 vm. het Schalk toe kontak met ZS2IQ gehad – die hoof elektronikus by Rhodes wat hy goed ken, en wie vir vir ons 'n bier-resep gaan probeer kry môre.

Ons weer was dieselfde as gister, en ek was nie lus om uit te gaan nie.

2 nm. was Henry-hulle by Telefoonpaal, en sou later die kr[e]wasgebied ingaan.

Ek het 'n swak kontak met Hennie gehad, en daarna 'n paar ander stasies in S.A. gewerk. O.a. toe ook met ZS4AW – Fires – 'n ou huisvriend van ons vanaf Wmd. se dae – en dit was sommer lekker.

8 nm was Henry-hulle halfpad tussen Draaipunt en Masterien en het ons besluit om permanent te [illegible], terwyl Chris-hulle daar elke nou en dan opkom. 10 nm was hul toe by Draaipunt, na 'n nagmerrie-rit deur 'n [illegible] afskuwelike [illegible]. Hul weer was nog mooi, en gaan hul probeer om aan [illegible] te sy tot by [illegible]. Henry [illegible] moeg, en voor hy sê, met die [illegible] by hul, bly hul sit en [illegible] nog roof. [illegible] hoe goeie hul hier kom, hoe beter.
Ek het vir jou 'n brief getik, en sal nou maar probeer slaap — 11 nm — om vroeg op te wees.
Lekker slaap.

Maandag 15 Des 1969.

LIEFSTE ALPHIE
EK HET MY VRYDAGOGGEND GEDAAN GESKRIK TOE EK DIE BERIG IN DIE
KOERANT LEES X
ONS HIER VOEL BAIE SLEG EN DINK BAIE AAN JUL ALMAL X
EK VOEL SLEG OMDAT JY SE JY KRY GEEN BOODSKAPPE NIE X
EK STUUR GEREELD ELKE MAAND BOODSKAPPE X
ONGELUKKIG KAN EK NIE ALTYD DIE PROGRAM OPVANG NIE AS GEVOLG VAN
SWAK TOESTANDE EN WEET BOONIE OF HULLE DIT ALTYD UITSAAI NIE X
DANKIE VIR JOU BOODSKAP
VAN SATERDAGAAND X
ONS SAL KERSDAG ALMAL BY TANNIE HANNIE WEES MAAR AS JULLE OPROEPE
VIR DIE 25STE BESPREEK IS KAN JY MY HUISNOMMER OPGEE EK SAL DAAR
BLY X LAAT WEET MY SODRA DIE DATUM BEKEND IS X
MOENIE BEKOMMERD WEES NIE JY KRY SOMAAR N PAAR PRESENTE HOOP JY
HOU VAN ALMAL X
HENRY WAS VERLEDE NAWEEK HIER EN HET DIE KAMERAS GEBRING X
HIER HET NOG GEEN FILMS VAN HENNIE AANGEKOM NIE X VERDER GAAN
DIT GOED WENS NET DIE KERSTYD WIL VERBYGAAN WANT DIT SAL SEKER
DIE MOEILIKSTE TYD VIR MY WEES

UL MY LIEFDE EN KLOMP VERLANGE
RINA

LIEFSTE ALPHIE

NET N NOTA. EK IS HEEL DEURMEKAAR MET FILMS.
HENRY HET HULLE KAMERA EN OOK N KODAK 8MM VIR JOU SAAMGEBRING,
MAAR GEEN FILMS. HENNIE SE FILMS HET VANOGGEND AANGEKOM.
UIT SY BRIEF LEI EK AF DAT JY DIE FILMS VIR HOMSELF MOET NEEM.
EK HET MET KODAK GEPRAAT EN KAN N PUNT WERK OM FILMS DIREK BY HULLE
TE KRY. WIT-EN-SWART FILMS IS ONVERKRYGBAAR IN DIE REPUBLIEK.
MOET EK VIR JOU FILMS KRY OF HOE WERK DIT NOU, EN HOEVEEL.
PROBEER ALEX KONTAK EN BOODSKAP AAN HOM GEE OF STUUR TELEGRAM-
TYD IS BAIE BEPERK. MOET PAKKIE 26STE INHANDIG

AL MY LIEFDE EN VERLANGE
RLOT

Baie dankie vir jou briewe. Ek dink iewers is 'n misverstand met die films, en hoop dit word uitgestryk.

Die boodskappe waaroor ek kla, is natuurlik die oor Joubert se program – en nie Radio Nederland nie.

Vandag was ek weer skiewie, en te voor lekker skoon in die bed en skryf.

Vo 12 nm. het Henry en Peter hier aangekom, met die SA. vlag halfmas.

Ons het die hele dag ongeluister na hul vertellings, en ook van Henry se gedetailleerde verslag van hoe die ongeluk gebeur het. Peter Gordon se lyk het ons tans in die "Dog-lab" en sal môre begin om hom te ontdooi. Ek kan nou sien dat dit vir beide 'n geweldige skok was. Vir Peter in besonder. Hy sê dat hy net nie kan vergeet die eerste keer toe hy Gordon in die "windscoop" sien lê het nie!

Ongelukkig eintlik nie veel nie, en was dit maar 'n gewone dag.

Die weer was dieselfde as gister – dog vanmôre het die wind heelwat gewaai – so twintig knope, dog vanaand was dit heerlik stil buite.

Tot môre-aand eers goeie nag.

Dinsdag 16 Des. 1969.

Ek het 'n redelike aktiewe dag gehad, al het ek eers 11:30 vm opgestaan.

Buite was dit tee heerlik. Die son het darem geskyn, vir seker meeste van die dag. Dit was vir 'n lang ruk ook lekker windstil. Clive, Schalk en ek het almal buite sonder ons hemde vir 'n lang ruk gewerk. Clive aan die muskeg, Schalk het soldeer aan sy antennas, en ek het 5 gal. water gemaak om kleur mee te ontwikkel. Schalk kan met die blaasvlam werk, en ek het die primus buite gebruik.

Van Wilf-hulle het ek 'n mooi klip gekry, wat hulle 'n gat in uitgeboor het wat nou 'n pragtige asbak is. Ek het dit eers vanaand gesien, en

sal hopelik môre vir hul demkie sê.

Namiddag vir Hennie probeer kry, dog hy was nie op nie. Ek het toe vanaf Halley Bay al die informasie gekry wat hul Dr. vir my gegee het van sy werk in Engeland. Ek het ook toe 'n paar honde gewerk.

Na ete was Schalk, Larry en ek toe met die honde so vir 2 myl uit in 'n O. rigting, en het 'n paar skyfies van die honde kon neem.

Schalk en ek het 'n stafel in die honde lab. gesit, honde se lyk daarop gesit, en ek het toe 'n verwarmer daar aangesit om die lyk te ontdooi. Ek het nog niet na sy gesig gekyk, wat maar baie vol bloed is.

Vanaand so 'n rukkie op die honde gebuister, dog geen storie gewerk nie. Bob het nou al tot 99 honde gewerk, en soek naarstiglik na die 100e.

Die plan is om môre dieseldromme by die Sukkel te gaan haal. Ons wil met al 3 muskegs gaan, Larry en ek sal agterbly om dromme uit te trek terwyl die ander 2 met die vrag teruggaan, en later weer die dromme kan haal. Hoop net die weer bly mooi.

Ongins - verlang net baie, en kan nie meer wag dat die R.S.A. moet vertrek nie.

Lekker slaap.

Woensdag 7 Des 1969

LIEWE ALPHEUS
MET ALMAL NOG BAIE GOED X MAG HIERDIE KERSFEES VIR JOU BAIE
HERINNERINGS VIR DIE LEWE NALAAT X MAG JY BAIE GESEËND WEES
HIERDIE KERSSEISOEN X SKOONOUERS EN FAMILIE HIER ASOOK VRIENDE
WENS JOU EN DIE HELE SPAN N AANGENAME KERSFEES TOE X ONS
VERLANG AL BAIE EN SIEN JOU AS DIE BOOT INKOM
BAIE LIEFDE
HENRY EN GESIN

Vanmôre voor 8 het Bob my kom wakker maak, en was dit nie vir sy koppie koffie nie, sou ek seker weer aan die slaap

geraak het.

Na 9 is Rob (met Denise) Clive (met Arthur) en Barry en ek (met Frieda) toe Otterbukta toe. Ons het toe eers op die baaiys gaan rondloop. Dit is nog altyd so 1½ kilometer in, met 'n groot oop stuk water. Die W. en O. rant het baie sneeu teen hul vandag gehad met die laaste storm, sodat 'n mens op 'n heel paar plekke kan oploop. Die nuwe sneeu het selfs aan die O. rand 'n bergstrand. (Skeiding tussen ou en vars sneeu - gewoonlik sop berge en geskei deur 'n bars)

Ons het Frieda daar gelos, en met 4 sleeers ongeveer 75 dromme diesel so 5 nm. by die basis terug gehaal. Ons het weer aan die N. kant begin uittrek, waar die dromme ± 3 vt onder die oppervlakte is.

Van die top of die baai-ys tot by die water is presies 2 vt. Die ysblokke is nog hier en daar deur skeure te onderskei, dog bedek deur losys, en die ander brake is rasgeys weer. Ons het hierdie keer daarin pikkewyn-spore gesien!!

Vanaand het ek die ouens hulle voorlaaste M.I.P.W. toets laat doen.

Daarna het Barry, Henry (self) Peter (4) s/w films ontwikkel. Ek het 'n aurora en Bukta baaiys film (kleur) ontwikkel en omtrent ½ e van my 5 gel. water gebruik. Die aurora lyk goed, dog my baaiys film is effe teveel ontwikkel.

Ek het na die lyk gaan kyk, dog teen die tempo wat dit tans ontdooi, sal dit jare neem. Ek sal nog 'n verwarmer of twee moet gaan insit.

Wel - ek was verlaas oor Henry - hulle se brief. Hy skryf niks van die filmsenie.

Weer kry ek 'n amptelike groep vanaf Dr. Bernstein van S.A.I.M.W. Skyblaas oor die vuurmasters.

Tot môredag – goeie nag – nou begin ek so stadigaan al hoe meer verlang.

Donderdag 18 Des. 1969.

Vanmôre toe vroeg opgestaan, en die telefoonoproep met Dr Bernstein gehad oor die virus monsters. Daarna het ek toe gou 2 kleurfilms ontwikkel, wat heel goed uitgekom het. Daar is so 'n paar vuil merke op 'n paar, waaroor ek eintlik baie ongelukkig voel.

Ek het toe nog 'n vernamer by die lyk gaan uit, en daarna is Rob en Johan, Clive, Schalk en ek bukta toe. Terwyl Schalk en Johan op die baai-ys gaan rondloop het, het die res van ons intussen twee slees volgelaai. Met hul hulp het dit gouer gegaan, en het ons die res gelaai. Ons het die keer 5 begin, maar die domme hut onder die ys is. Dit vat my tot amper by my oksels.

Ons het so rukkie na 7 by die basis teruggekom, net betyds vir ete.

Na ete het ek lekker gaan bad (Barry is skirwie). Dit was seker my lekkerste bad op Marion, want ek was nat en koud. My klere was papnat. Dit was bewolk, warm, met reën en dan sonskyn. Terwyl ek domme uitgegrawe het ken ek kaalhande werk. Die oppervlakte was sag, en 'n halwe pappery..

Na ete het ek 5 gel. water gesmelt, en die ontwikkelaar aangemaak, asook al die ander chemikalieë vir kleurontwikkeling.

Schalk en Barry het 'n stryery gehad oor wie die vinnigste oor 100 tree is, met my toe ook later in die bengheid. Alles het begin, oor die storie van die handskoene wat vir Barry weggery het. Met daar, na baie pratery het ons besluit dat ons die saak buite

gaan besig. Ek was maar skrikkerig, want ek weet
Barry is baie vinniger as ek, dog het daarop staatge-
maak dat ek fikser is. Ons het toe gaan hardloop,
Barry, Schalk, Peter en ek. Henry was be-oordelaar en
afsetter. Oor 100 tree het ons as volg geëindig – Schalk
1 ek, Barry Peter. Toe hou Barry vol dat hy tog die
eerste 70 tree voor was. Ons hardloop toe 50 tree en eindig
Barry na Schalk dan ek. Peter was toe weg. Ek sien toe
Barry is moeg, neem 'n kans en daag hom vir
25 tree, met goeie resultate vir Schalk dan ek.

Na 'n lang gesels het ek toe eers na die lyk
gaan kyk, en met Henry se hulp die verwarmers
behoorlik aan die gang gekry.

Tans is ek moeg en vaak, en gaan maar
stomp sluit en nag sê.

Vrydag 19 Des. 1969.

LIEFSTE SOPHIE

JOU "FANS" HET SEKER VERLEDE WEEK TE VEEL GESKRYF TOE KON MY
BRIEF NIE DEUR NIE. BAIE DANKIE VIR JOU BRIEF X JOU MA-
HULLE HET SATERDAG GEKOM EN ONS IS SOMAAR HEERLIK INGERIG,
BEHALWE DAT DIE WIND ONS AMPER WEGWAAI X HULLE SIEN DAAR BAIE
GOED UIT X EK IS SO BANG DIE WIND KAN SNAGS MY TENT OMWAAI X
OOM NICK HULLE IS OOK HIER–SO JY KAN WEET WATTER SPORTS ONS
HET X EK GENIET ALLES BAIE MAAR DINK ONTSETTEND BAIE TERUG AAN
VERLEDE JAAR X EK IS NOU BESIG OM JOU GOED TE PAK X
EK KRY DIE FILMS HIER BY KODAK, SO DIS IN ORDE X EK
WAS VERLEDE WEEK BY FUNK (EERSTE OFFISIER) EN HY NEEM AL JOU
GOED X EK SAL DIE KAMERAS EN FILMS APART VERPAK EN DAAR IS
OOK N PAKKIE WAT HY VIR JOU IN DIE KOELKAMER HOU X VRA HOM
DAARVOOR X EK IS BLY DIE OPROEPE IS BESPREEK VIR KERSDAG
DIS IN ORDE EN ONS GAAN EERS DAARNA NA TANNIE HANNIE X EK
SIEN REGTIG BAIE DAARNA UIT X AG EK IS SOMAAR TELEURGESTELD
OMDAT DIE BOOT SO LAAT VERTREK MAAR NOUJA DIT SAL SEKER NIE
HELP NIE X KOM NOU, KOM NOU, WAT BEDOEL JY MET EK MOENIE TE
VEEL SKINDER NIE" X EK PLEIT ONSKULDIG X WAT HULLE WIL WEET ~~KAN~~
KAN EK HULLE NIE 'N ANTWOORD OP GEE NIE, WANT EK WEET SELF NIE X
EK VERWYS ALMAL NA JOU X EK RY BAIE VERSIGTIG WANT DIE PAD
IS BAIE BESIG
VERDER SPEEL EK NET CHAUFFEUR ONS. KLOMP GAAN VOLGENDE
WEEK "HELLO DOLLY" KYK X

AL MY LIEFDE EN NOU SOMAAR BAIE VELANGE

RINA

Dit was sommer 'n lekker lang geselsbrief. Al

wat ek wil weet, is wat bedoel jy met "fans"????
Ek weet sommer niks daarvan, en gaan verseker 'n verduideliking vra. Origens klink jy heel gelukkig en in 'n goeie gees. Hoop ek kry nou elke week so 'n lekker geselsbrief.

Ek het laat (1:30nm) opgestaan, en nadat iets ge-eet het, het ek begin om die monsterbottels reg te kry. Ek het Des, Jan, Feb, en stuk in gemeng. Ek graveer name op die deksels en die bottels met die tandboor, en het sommer lekker gespeel.

Na dit het ek vir Gordon gaan uittrek, en net so vlugtig na hom gekyk. Die ergste is nog agter hom wat nog baie bloeierig. Hy ontdooi nou goed met twee 1,000 W verwarmers, die 135 W. elektriese komberse, en 'n 250 W. infrarooi lamp. Dit behoort nog so 1 dag te neem voor ek die lykskouing kan doen. Albei sy bo-arms is gebreek ook.

Ek het gevolg, en na ete het ek met 'n ou in Turkye gepraat. Daarna te nas ek besig om die R7301 in te stel vir Borga toe dit die gees gee. Wilf ver-jaar, ons het toe 'n kort kontak met hul gehad, en hom gegroet vir 10 uur.

Abel het lekker party gehou, en het ons gesels tot 12:40 vm. Oor allerhande nonsens natuurlik.

Ek lê nou in die bed en skryf, en verlang baie.

Danie B ouens het vir ons gesê dat Des. stadig verby gaan. Behalwe en ek probeer die teenoorge-stelde bewys. Dit doen ons deur besig te bly, en ek kan sê dat ons tot sover die teenoorgestelde bewys. Ek het ontsettend baie goed wat ek nog wil doen, en kan vir 'n volle maand of twee aanmekaar besig bly.

Môre wil ons weer buite toe gaan om nog 4 vragte dromme te kry. Ons wil vroeg ry, want ons wil

# Jawoord van ver gevra; sterf

**Pretoriase Personeel en Sapa**

'n Lid van die tiende Suid-Afrikaanse Antarktiese ekspedisie, mnr. Gordon Ian Mackie (23), het eergister in Antarktika verongeluk kort nadat hy 'n meisie in Oos-Londen gevra het om met hom te trou.

Mnr. Mackie wat 'n werktuigkundige was, is sowat 100 myl suid van die Suid-Afrikaanse basis Sanae noodlottig beseer toe hy in die omgewing van die Borgaberge van 'n krans af geval het.



**Wyle mnr. Mackie**

Hy het aan veelvuldige hoof- en nekbeserings beswyk.

In 'n onderhoud met Sapa het die meisie met wie hy wou trou, mej. Athene Thompson van Florence Laan, Oos-Londen, gesê sy het op 11 en 12 November met Gordon per radiotelefoon gepraat.

„Hulle word toegelaat om boodskappe van 100 woorde Morse-kode per maand te stuur. Net 'n paar dae gelede het my vader 'n boodskap ontvang waarin Gordon my gevra het om te trou.

**GEBROKE**

„Wat my nog slegter laat voel, is dat die sneeutrekker wat hy moes gaan regmaak toe die ongeluk gebeur het, ook die naam Athene het," het die gebroke mej. Thompson gesê.

Die lyk sal na Sanae geneem word, van waar dit in Februarie met die Adolsskop RSA na Suid-Afrika gebring sal word.

Mnr. Mackie sou in Februarie met die span na Suid-Afrika teruggekeer het.

Wyle mnr. Mackie is van Skotse afkoms en het 'n oom, mnr. Jock Rodgers, in Oos-Londen. Hy het geen ander familie in Suid-Afrika nie.

Hy was vier jaar in Suid-Afrika toe hy vir die tiende ekspedisie gekies is.